# REDAKSIONEEL
## EDITORIAL

Admittedly our November/December issue of the **CL** has reached you very late but at least our readers can be certain of one thing - dogged perseverance is the stuff the ever-dwindling editorial team is made of.

This will probably be one of the most difficult editorials that I will ever have to write as this is the final issue that will officially be produced by our wonderfully multi-talented graphic designer, Monica Wagner. Monica is leaving us for greener pastures, but for greener pastures in the literal sense - her garden - her little place in the sun where she loves to spend time and seldom has the luxury of doing so. Yes! She is retiring. Her fine eye for detail, her innate sense of style, her intuitive knowledge of a workable layout, readable text and colour choices are all characteristics that have elicited the most wonderful comments and praise over the years. She will be sorely missed - not only on a professional level but also very much so on a personal level. On page 46 she has created a lovely Easter display for our readers for ol' times' sake.

Also in the goodbye stakes is Cecily van Gend, author of our regular and very popular column, *Between the lines*. Feedback over the years has made us aware of the immense popularity of her column and although we realise that all good things must come to an end, it remains difficult to accept.

Yet more on goodbyes... Our regular contributor to the *Documentary/Film Review* column, Charl September, has also decided to leave the fold - anyone surprised that we are suffering from a touch of the empty nest syndrome?

The year ahead? Suffice to say we trust that our readers had a good rest, a gentle and peaceful festive season and have the guts and gumption to face whatever crises loom ahead in the darkness that awaits us..!

Om die November/Desember uitgawe van die **KB** nou eers te ontvang is wel baie laat maar ons lesers kan van een ding verseker wees - ons kleinerwordende redaksionele span het 'n vasberadenheid en deursettingsvermoë wat skrik vir niks!

Hierdie redaksionele kolom is sekerlik een van die moeilikstes wat ek nog ooit moes skryf… Ons wonderlike en uiters-begaafde grafiese ontwerper, Monica Wagner, gaan ons verlaat vir groener weivelde, letterlik - haar tuin: daardie plekkie in die son waaroor sy dol is en nooit werklik die luukse kon smaak om tyd in te verwyl nie. Ja, sy tree af! Monica se fyn sin vir detail, haar stylvolle smaak en haar instinktiewe aanvoeling vir wat uitvoerbaar is in terme van uitleg, kleurkeuses en leesbare teks, is almal eienskappe wat van ons en ons lesers oor die jare heen groot waardering uitgelok het. Sy laat 'n groot leemte na en sal geweldig gemis word, nie net op 'n professionele vlak nie maar ook op 'n persoonlike vlak. Blaai gerus na bladsy 46 om vir oulaas een van haar pragtige uitstallings vir Paasfees te geniet.

Ook aan Cecily van Gend, skrywer van ons gereelde rubriek, *Between the lines* moet ons totsiens sê. Ons het gedurende die afgelope aantal jare diep onder die indruk gekom van die gewildheid van haar rubriek en alhoewel 'n mens weet dat alle goeie dinge tot 'n einde kom bly dit maar moeilik om te aanvaar.

Steeds op die groetlyne… Charl September, ons gereelde skrywer van die *Dokumentêre/Filmfokus*-rubriek, verlaat ons ook - geen wonder dat dié van ons wat agterbly aan die leënes-sindroom begin ly nie.

Die jaar vorentoe? Ons vertrou dat ons lesers lekker uitgerus is ná wat ons hoop 'n vreedsame en rustige feesseisoen was en die krag en energie (excuse the pun) het vir die donkerte wat vir ons voorlê!

Grizéll Azar-Luxton

***Editorial policy***

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

***Redaksionele beleid***

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.


***Editor** • Redakteur*
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

***Graphic Designer / Photographer***
*Grafiese Ontwerper / Fotograaf*
Monica Wagner

***Administration and Advertising***
*Administrasie en Advertensies*
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

***Web site** • Webtuiste*
www.capegateway.gov.za/library

***E-mail** • E-pos*
capelib@pgwc.gov.za
grizell@iafrica.com

***Address** • Adres*
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

***Indexed in** • Geïndekseer in*
LISA (Library and Information Science Abstracts)

***Reproduction and Printing***
*Reproduksie en Drukwerk*
Koerikai Document Solutions
Sanlam Head Office, 2 Strand Street
Bellville 7530

***Cover design** • Omslagontwerp*
Jack Russell Design



© Library Service © Biblioteekdiens


SA ISSN 0 008 5790